## 19.7 RAPPORT 6: DEPUTATE JEUGSORG – KAMPE, UITREIKE EN PROJEKTE (Art 99)

## 19.7 REPORT 6: DEPUTIES YOUTH – CAMPS, OUTREACH AND PROJECTS (Art 99)

A. Ds CB Robinson stel die Rapport.
Rev. CB Robinson tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag** | **1. Mandate** |
| 1.1 Acta 2018:154, 3.1-3.2: | 1.1 Acta 2018:154, 3.1-3.2: |
| 1.1.1 Die Deputate gaan voort om kampe en projekte van plaaslike kerke met advies en bemarking te ondersteun. | 1.1.1 The Deputies are to continue supporting the camps and projects of local churches with advice and marketing. |
| 1.1.2 Die ondersoek na ‘n nasionale jeugkamp en/of -toer word steeds op die agenda van die te benoeme Deputate Jeugsorg gehou. | 1.1.2 The possibility of a national youth camp and/or tour is to remain on the agenda of the next Deputies Youth Ministry. |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.1.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.1.2 noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod takes note of** |
| 2.1 Die Deputate Jeugsorg het nie die Frankfort-riviertoer of die Boland Seekamp georganiseer nie. Die logistieke reëlings word deur plaaslike gemeentes behartig. Die Deputate Jeugsorg het hierdie inisiatiewe, soos ander jeugkampe en projekte regoor die land, met bemarking, finansies en toerustingsmateriaal ondersteun. | 2.1 The Deputies Youth Ministry did not organise the Frankfort River Tour or the Boland Sea Camp. The logistics are handled by local churches. The Deputies Youth Ministry supported these initiatives, as with other youth camps and projects across the country, by means of marketing, finances and equipping material. |
| 2.2 *Bybelplasingstoer na Malawi* | 2.2 *Bible Distribution Tour to Malawi* |
| 2.2.1 Voor die toer was daar hard gewerk om genoeg fondse in te samel vir Bybels. Daar was genoeg fondse verkry sodat daar saam Harvesters Ministries 3150 Bybels (Chichewa en Engels) kon aankoop en by 380 kerke in Malawi in die Monkey Bay-omgewing kon plaas. Saam met die Bybels was daar ook 1700 tweetalige Engels-Chechewa Heidelbergse Kategismus-boekies aan die leiers uitgedeel. | 2.2.1 Prior to the tour, great effort was made to raise sufficient funds for Bibles. Enough funds were raised to purchase, together with Harvesters Ministries, 3 150 Bibles (Chichewa and English) for distribution in 380 churches in the Monkey Bay area of Malawi. The leaders also received 1 700 bilingual English-Chechewa Heidelberg Catechism booklets. |
| 2.2.2 Die Bybels word egter ook nie net op die straat uitgedeel nie; Harvesters Ministries bepaal die spesifieke behoeftes. | 2.2.2 The Bibles were not merely distributed the street; Harvesters Ministries first determined specific needs. |
| 2.2.3 Ons toergroep het uit 49 gelowiges (waarvan 30 GKSA jongmense was) | 2.2.3 The tour group consisted of 49 believers (of which 30 were GKSA |

| | |
|---|---|
| van reg oor die land bestaan. Elf drywers het hulle voertuie gebruik vir die toer. | youth) from across the country. Eleven drivers made their vehicles available for the tour. |
| 2.2.4 Ds Johannes Aucamp van Topia het vir die groepe toerusting aangebied oor dissipelskap asook oor die Afrika en Westerse wêreldbeskouing. | 2.2.4 Rev Johannes Aucamp of Topia provided the groups with equipping material about discipleship as well as about the African and Western worldview. |
| 2.2.5 Aangesien ons ongeveer helfte van die tyd aan reis in die voertuie spandeer het, is daar vooraf Bybelstudies opgestel wat deur die verskeie groepe in hul voertuie gedoen is. | 2.2.5 Since approximately half the tour was spent driving, Bible studies were compiled for the different group to do in their vehicles. |
| 2.3 *2020 Treintoer (April)* | 2.3 *2020 Train Tour (April)* |
| 2.3.1 Die Jeugdeputate het lank vergader en beplan aan 'n treintoer na die Kaap. Die toer het egter nie gerealiseer nie vanweë 'n gebrek aan belangstelling. (Daar het net 13 mense ingeskryf vir die toer.) | 2.3.1 The Deputies Youth Ministry spent long hours planning a train tour to the Cape, which did not realise due to a lack of interest (only 13 entries were received for the tour.) |
| 2.4 Gemeentes wat hulp gevra het met kampe en projekte is vanuit die Jeugkantoor ondersteun. | 2.4 Churches who requested help with camps and projects were supported by the Youth Office. |
| 2.5 Die Deputate Jeugsorg bied ook hul hulp aan in die vorm van toerustingmateriaal. Kyk Rapport 4. | 2.5 The Deputies Youth Ministry also offer aid in the form of equipping material. See Report 4. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.5 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit** | **3. Matters that the Synod decide on** |
| 3.1 Die Deputate kry opdrag om, in samewerking met Streeksinode en Klassisse plaaslike kerke in jeugsorg te ondersteun in die reël van kampe, uitreike en projekte. | 3.1 The to be named Deputies are instructed to support local churches, in collaboration with Regional Synods and Classes, in youth care in arranging camps, outreaches and projects. |
| **Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **Decision: Approved (amendment already made – Deputies Acta).** |
| 3.2 Die Deputate Jeugsorg moet ondersoek onder die gemeentes doen om uit te vind wat die jeug wil bywoon. | 3.2 The Deputies Youth Ministry should do research among the churches to determine the kind of activities the youth prefer. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |